- (ii) Die toelaes in paragraaf (i) hierbo gemeld, moet voor of op die laaste dag voor die aanvang van die werknemer se jaarlikse verlof betaal word. 'n Werknemer wat op 'n toelae vir lang diens geregtig geword het en wie se dienskontrak gedurende enige tydperk van 12 maande diens eindig voordat sodanige toelae betaal is, moet een twee-en-vyftigste ontvang van die jaarlikse toelae wat in sy geval voorgeskryf is, vir elke voltooië week wat gedurende sodanige dienstrydperk gewerk is.

Vir die toepassing van hierdie klousule omvat die uitdrukking "dieselfde werkgewer" in die geval van die verkoop van die besigheid ook die koper daarvan.

#### 5. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) *Werknemers uitgesonderd los werknemers*.—Behoudens klousule 7 (3), moet enige bedrag aan 'n werknemer verskuldig, weekliks, of as 'n werkgewer en werknemer aldus ooreengekom het, maandeliks in kontant betaal word gedurende die werkure op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting, of by diensbeëindiging wanneer dit voor die gewone betaaldag plaasvind, en dit moet in 'n kovert wees waarop die naam van die werkgewer en van die werknemer, die werknemer

(8) (i) *Long service allowance*.—In addition to the weekly wage paid to an employee, an employer shall pay annually to each employee who has been employed with the same employer for a continuous period of—

- (a) three years: A long-service allowance of R10 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (b) three years: A long-service allowance of R12 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (c) four years: A long-service allowance of R10 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (d) four years: A long-service allowance of R12 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (e) five years: A long-service allowance of R10 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (f) five years: A long-service allowance of R12 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (g) six years: A long-service allowance of R21 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (h) six years: A long-service allowance of R24 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (i) seven years: A long-service allowance of R21 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (j) seven years: A long-service allowance of R24 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (k) eight years: A long-service allowance of R21 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (l) eight years: A long-service allowance of R24 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (m) nine years: A long-service allowance of R31 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (n) nine years: A long-service allowance of R36 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (o) ten years: A long-service allowance of R31 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (p) ten years: A long-service allowance of R36 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (q) eleven years: A long-service allowance of R33 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (r) eleven years: A long-service allowance of R38 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week;
- (s) twelve years or longer: A long-service allowance of R35 to all employees who are in receipt of a wage of up to R18 per week;
- (t) twelve years or longer: A long-service allowance of R40 to all employees who are in receipt of a wage of R18,01 or more per week.

(ii) The allowances mentioned in paragraph (i) hereof are to be paid not later than the last day before the commencement of the employee's annual leave. An employee who has become entitled to a long-service allowance and whose contract of employment terminates during any period of 12 months' employment before such allowance has been paid, shall receive one fifty-second of the yearly allowance prescribed in his case for each completed week worked during such period of employment.

For the purposes of this clause the expression "the same employer" shall include, in the case of the sale of the business, the purchaser thereof.

#### 5. PAYMENT OF REMUNERATION

(1) *Employees other than a casual employee*.—Save as provided in clause 7 (3) any amount due to an employee shall be paid in cash weekly, or if the employer and employee have agreed thereto, monthly, during the hours of work on the usual pay-day of the establishment or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and shall be contained in an envelope showing thereon the employer's and employee's names, the employee's occupation,

se beroep, die getal gewone ure en oortydure gewerk, die verskuldigde besoldiging en die tydperk waarvoor die besoldiging betaal word, genoem word.

(2) *Los werknemers.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan sy los werknemer verskuldig is in kontant betaal, in die geval van net een tydperk van los diens, by beëindiging van sodanige los diens, en in die geval van meer as een tydperk van los diens, aan die einde van die loonweek waartydens die los diens verrig word.

(3) *Premies.*—Geen geld mag regstreeks of onregstreeks aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word vir werkverskaffing aan of opleiding van 'n werknemer nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is ten opsigte van 'n opleidingskema waartoe die werkgewer regtens moet bydra nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om van hom of van enige winkel of persoon deur hom aangewys, goedere te koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die Swart (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, en die Wet op Swart Arbeid, 1964, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om van hom kos en/of inwoning aan te neem of by enige persoon of op enige plek deur hom aangewys kos en/of inwoning aan te neem nie.

(6) *Boetes en aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes opleë of enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie, uitgesonderd die volgende:

(a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir vakansie-, siekte-, versekerings- of pensioenfondse;

(b) 'n bedrag vir heffings ingevolge klousule 19 van hierdie Ooreenkoms en vir die Voorsorgfondse;

(c) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, wanneer 'n werknemer van die werk afwesig is om 'n ander rede as op las of op versoek van sy werkgewer, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat dié werknemer vir sy gewone werkure ten tyde daarvan ontvang het;

(d) enige bedrag wat 'n werknemer regtens of kragtens of ingevolge enige bevel van 'n bevoegde hof moet of mag aftrek;

(e) as 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, toestem om daar ingevolge die Swart (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, of die Wet op Swart Arbeid, 1964, van hom vereis word om van sy werkgewer kos en/of inwoning aan te neem, 'n bedrag van hoogstens die volgende:

In die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Simonstad en Wynberg, alle werknemers:

	Per week	Per maand
	R	R
Kos.....	3,00	13,00
Inwoning.....	1,00	4,33
Kos en inwoning.....	4,00	17,33

In die landdrosdistrikte Somerset-Wes en Strand, alle werknemers:

	Per week	Per maand
	R	R
Kos.....	2,00	8,65
Inwoning.....	0,80	3,47
Kos en inwoning.....	2,80	12,13

(f) as 'n kroegman of dienskroeg-kroegman, wat nie onderhewig is aan die bepalings van paragraaf (e) nie, toestem om minder as drie etes per dag aan te neem, 'n bedrag van 10 sent vir elke ete wat verskaf word;

(g) 'n bedrag vir ledigheid van die vakverenigings ingevolge klousule 25 van hierdie Ooreenkoms;

(h) met die skriftelike toestemming van die werknemer, enige bedrag aan die werkgewer verskuldig vir goedere wat sy werknemer van of deur hom gekoop het: Met dien verstande dat sodanige aftrekkings onderworpe is aan subklousule (7);

(i) die bedrag van enige lening van die werkgewer aan die werknemer: Met dien verstande dat sodanige aftrekkings onderworpe is aan subklousule (7).

(7) Die totale aftrekkings in paragrafe (h) en (i) bedoel, mag hoogstens een derde wees van die totale weeklikse besoldiging aan so 'n werknemer verskuldig.

#### 6. WERKURE, GEWONE EN OORTYD- EN BETALING VIR OORTYDWERK

(1) (a) Die gewone werkure van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is in enige week hoogstens—

(i) in 'n bedryfsinrigting met 'n werkweek van sewe dae—

(aa) in die geval van 'n kroegman of dienskroeg-kroegman, 51 uur;

the number of ordinary and overtime hours worked, the remuneration due and the period in respect of which payment is made.

(2) *Casual employees.*—An employer shall pay the remuneration due to his casual employee in cash in the case of only one period of casual employment at the termination of such casual employment and in the case of more than one period of casual employment at the end of the wage week during which the casual employment is performed.

(3) *Premiums.*—No payments shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee: Provided that this subclause shall not apply in respect of a training scheme to which the employer is legally required to contribute.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop or person nominated by him.

(5) *Board and lodging.*—Save as provided in the Black (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, and the Black Labour Act, 1964, an employer shall not require his employee to board and/or lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Fines and deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employees nor shall he make any deductions from his employee's remuneration other than the following:

(a) With the written consent of the employee, a deduction for holiday, sick, insurance or pension funds;

(b) a deduction for levies in terms of clause 19 of this Agreement, and for the Provident Fund;

(c) except where otherwise provided in this Agreement, whenever an employee is absent from work otherwise than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof;

(d) a deduction of any amount which an employer by any statutory law or any order of any competent court is required or permitted to make;

(e) where an employee (other than a casual employee) agrees to accept, or in terms of the Black (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, or the Black Labour Act, 1964, is required to accept from his employer board and/or lodging, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:

In the Magisterial Districts of Bellville, Goodwood, Simons-town, The Cape and Wynberg, all employees:

	Per week	Per month
	R	R
Board.....	3,00	13,00
Lodging.....	1,00	4,33
Board and Lodging.....	4,00	17,33

In the Magisterial Districts of Somerset West and Strand, all employees:

	Per week	Per month
	R	R
Board.....	2,00	8,65
Lodging.....	0,80	3,47
Board and Lodging.....	2,80	12,13

(f) where a barman or service-bar barman who is not subject to the provisions of paragraph (e), agrees to accept less than three meals per day, a deduction of 10c for each meal supplied;

(g) a deduction for subscriptions to the trade unions in terms of clause 25 of this Agreement;

(h) with the written consent of the employee, a deduction of any amount due to the employer for goods purchased from or through him by his employee: Provided that such deductions shall be subject to the provisions of subclause (7);

(i) a deduction of any loan made by the employer to an employee: Provided that such deductions shall be subject to the provisions of subclause (7).

(7) The total deductions referred to in paragraphs (h) and (i) shall not exceed one third of the total weekly remuneration due to such employee.

#### 6. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME AND PAYMENT FOR OVERTIME

(1) (a) The ordinary hours of work of an employee, other than a casual employee, shall not in any week exceed—

(i) in a seven-day establishment—

(aa) in the case of a barman or service-bar barman, 51 hours;



(ab) in die geval van 'n kelner, 'n kelnerin, 'n wynkelner en 'n buiteverkoopbediener, 54 uur;

(ac) in die geval van alle ander werknemers, 55 uur;

(ii) in 'n bedryfsinrigting met 'n werkweek van ses dae—

(aa) in die geval van 'n kroegman of dienskroeg-kroegman, 50 uur;

(ab) in die geval van alle ander werknemers, 52 uur.

(b) Die gewone werkure van 'n los werknemer is hoogstens nege op enige dag.

(2) *Etenspouse*.—Elke werknemer moet vir elke ete wat binne sy werkure val minstens 30 minute toegestaan word, en gedurende dié tyd mag hy nie toegelaat word om te werk nie, en geen werknemer mag langer as ses uur werk sonder 'n pouse van minstens 30 minute vir 'n ete nie; sulke etenspouses moet in die werkdagindeling inbegrepe wees, maar moet nie deel uitmaak van die ure wat gewerk word nie.

(3) *Weeklikse diensvry tyd in bedryfsinrigtings met 'n werkweek van sewe dae*.—'n Werkgewer moet—

(a) aan elkeen van sy werknemers, uitgesonderd 'n sjef, hoofkok of kok, of—

(i) een diensvry periode van minstens 24 agtereenvolgende ure van 24h00 tot 24h00 in elke week; of

(b) aan sy sjef, hoofkok of kok een diensvry periode van minstens 16 agtereenvolgende ure vanaf 14h30 in elke week, toestaan;

waarin hy sodanige werknemer nie mag vereis of hom mag toelaat om te werk nie: Met dien verstande dat as 'n werknemer se weeklikse rustydperk toegestaan word op enigeen van die openbare vakansiedae wat in klousule 9 van hierdie Ooreenkoms genoem word, aan sodanige werknemer of 'n bykomende dag vry gegee moet word of aan hom een ekstra dag se loon in plaas daarvan betaal word: Voorts met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n nagwag kan vereis om gedurende sy vry periode diens te verrig, en in so 'n geval moet hy sodanige werknemer, benewens sy weekloon en enige ander besoldiging aan hom verskuldig ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms, een derde van sy weekloon betaal ten opsigte van werk wat hy gedurende die vry periode verrig het.

(4) *Oortydwerk*.—Alle ure wat daar langer gewerk word as die gewone ure in subklousule (1) voorgeskryf, moet as oortyd gereken word.

(5) *Beperking van oortydwerk*.—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis of hom toelaat om gedurende enige week langer as nege uur oortydwerk te verrig nie.

(6) *Betaling vir oortydwerk*.—'n Werkgewer moet sy werknemer vir elke uur wat so 'n werknemer oortydwerk verrig, besoldig teen minstens een en 'n half maal sy gewone loonskaal, en die uurloon moet bereken word deur die loonskaal wat betaal word, plus die helfte daarvan, te deel deur die getal ure wat 'n werknemer van sy klas toegelaat word om te werk, soos voorgeskryf in subklousule (1). Oortyd wat gewerk word, moet weekliks bereken word en 'n gedeelte van 'n uur wat gewerk is, moet as een uur gereken word.

(7) *Werkdagindeling*.—Alle werkure en etenspouses moet in die geval van kroegmanne en kroegvroue binne 'n werkdagindeling van 15 uur voltooi word en in die geval van alle ander werknemers binne 14 uur.

(8) *Voorbehoudsbepalings*.—(a) Subklousules (3) en (7) is nie op 'n portier en 'n los werknemer van toepassing nie en subklousule (7) nie op 'n nagwag nie.

(b) Hierdie klousule is in die landdrosdistrik Bellville, Die Kaap, Goodwood, Simonstad en Wynberg van toepassing slegs op werknemers wat 'n loon van R4 212 of meer per jaar vir die eerste 18 maande van hierdie Ooreenkoms en R4 633,20 of meer per jaar daarna ontvang, en in die landdrosdistrikte Somerset-Wes en Strand op werknemers wat 'n loon van R3 889,60 of meer per jaar ontvang indien sodanige werknemers skriftelik daartoe ingestem het.

(c) Ondanks paragraaf (b), is hierdie subklousule nie op 'n bestuurder, die vrou van 'n bestuurder of 'n bestuurderes van toepassing nie.

(9) Ondanks andersluidende bepalinge in subklousules (3), (5) en (7), is geen beperkings wat deur hierdie subklousules opgelê word op enige werknemer van toepassing terwyl hy noodwerk verrig nie; vir sodanige noodwerk moet vergoed word teen die lone wat vir los werknemers in sodanige diensklasse voorgeskryf word in klousule 4 (1) (a) (i) vir die landdrosdistrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Simonstad en Wynberg, en in klousule 4 (1) (a) (ii) vir die landdrosdistrikte Somerset-Wes en Strand.

(ab) in the case of a waiter, a waitress, a wine steward and an off-sales attendant, 54 hours;

(ac) in the case of all other employees, 55 hours;

(ii) in a six-day establishment—

(aa) in the case of a barman or service-bar barman, 50 hours;

(ab) in the case of all other employees, 52 hours.

(b) The ordinary hours of work of a casual employee shall not exceed nine on any day.

(2) *Meal intervals*.—Every employee shall be granted not less than 30 minutes for each meal falling within his hours of work, during which time he shall not be allowed to work and no employee shall work longer than six hours without an interval of at least 30 minutes for a meal; such meal intervals shall be included in the spreadover but shall not form part of the hours worked.

(3) *Weekly time off duty in seven-day establishments*.—An employer shall grant—

(a) to each of his employees, other than a chef, head cook or cook, either—

(i) one free period of 24 consecutive hours from 24h00 to 24h00 in each week; or

(b) to his chef, head cook or cook one free period of not less than 16 consecutive hours from 14h30 in each week;

during which periods he shall not require or permit such employee to work: Provided that where an employee's weekly rest period is granted on any one of the public holidays mentioned in clause 9 of this Agreement, such employee shall be given either an additional day off duty or be paid one extra day's wages in lieu thereof: Provided further that an employer may require a night watchman to be on duty during his free period in which event he shall pay such employee, in addition to his weekly wage and any other remuneration due to him in terms of the Agreement, one-third of his weekly wage in respect of work performed during the free period.

(4) *Overtime*.—All hours worked in excess of the ordinary hours prescribed in subclause (1) shall be deemed to be overtime.

(5) *Limitation of overtime*.—An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than nine hours in any week.

(6) *Payment for overtime*.—An employer shall pay to his employee in respect of each hour of overtime worked by such employee at a rate of not less than one and one-half times his ordinary rate of wages, such hourly wages to be calculated by dividing the rate of wages paid plus one-half, by the number of hours permitted to be worked by an employee of his class as prescribed in subclause (1). Overtime worked shall be calculated weekly and any portion of an hour worked shall be deemed to be one hour.

(7) *Spreadover*.—All hours of work and meal intervals shall be completed within a spreadover of 15 hours in the case of barmen and barmaids, and 14 hours in the case of all other employees.

(8) *Savings*.—(a) Subclauses (3) and (7) shall not apply to a porter and a casual employee and subclause (7) shall not apply to a night watchman.

(b) In the Magisterial Districts of Bellville, Goodwood, Simonstown, The Cape and Wynberg the provisions of this clause shall only apply to employees in receipt of a wage of R4 212 or more per annum for the first 18 months of operation of this Agreement and R4 633,20 or more per annum thereafter, and in the Magisterial Districts of Somerset West and Strand to employees in receipt of a wage of R3 889,60 or more per annum where such employees have agreed thereto in writing.

(c) Notwithstanding the provisions of paragraph (b), the provisions of this clause shall not apply to a manager, the wife of the manager or a manageress.

(9) Notwithstanding anything to the contrary appearing in subclauses (3), (5) and (7), no restrictions imposed by these subclauses shall apply to any employee whilst employed on emergency work; such emergency work shall be remunerated at the rates prescribed in clause 4 (1) (a) (i) for the Magisterial Districts of Bellville, Goodwood, Simonstown, The Cape and Wynberg, and clause 4 (1) (a) (ii) for the Magisterial Districts of Somerset West and Strand, for casual employees in such categories of employment.



## 7. JAARLIKSE VERLOF

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer ten opsigte van elke volle jaar diens by hom die verlof hieronder vermeld met volle besoldiging toestaan—

(a) aan sy sjef, hoofkok en kok wie se vry periode hoogstens 16 agtereenvolgende ure vanaf 14h30 elke week beloop, vier agtereenvolgende weke;

(b) aan 'n bestuurder, die vrou van 'n bestuurder, 'n bestuurderes, portier, nagwag, werknemers wat ingevolge klousule 6 (8) (b) nie aan dié klousule onderworpe is nie, en aan 'n sjef, hoofkok en kok wie se vry periode meer as 16 agtereenvolgende ure vanaf 14h30 maar hoogstens 24 agtereenvolgende ure elke week beloop drie agtereenvolgende weke;

(c) aan elkeen van sy ander werknemers, twee agtereenvolgende weke;

(d) en aan al die werknemers in paragrafe (b) en (c) gemeld wat twee of meer agtereenvolgende jare diens by dieselfde werkgewer voltooi het, benewens die voorgaande, een ekstra week verlof met volle besoldiging, of een volle week se besoldiging in plaas daarvan. Alle verlof moet aaneenlopend wees.

(2) Die verlof in subklousule (1) gemeld, moet toegestaan word op 'n tyd wat die werknemer vasstel: Met dien verstande dat—

(i) indien sodanige verlof nie eerder toegestaan is nie, dit binne drie maande na beëindiging van die diensjaar waarop die betrekking het, toegestaan moet word;

(ii) sodanige verlof nie met siekteverlof, toegestaan ooreenkomstig klousule 8 of met enige tydperk van militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, mag saamval nie;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Krugerdag, Gelofte van Kersdag binne sodanige verlof val, nog 'n dag ter vervanging van elke sodanige dag by genoemde tydperk gevoeg moet word as bykomende verlof met volle besoldiging;

(iv) 'n werkgewer van sodanige verlof enige dag geleentheidsverlof kan aftrek wat aan sy werknemer op dié se skriftelike versoek met volle besoldiging toegestaan is gedurende die diensjaar waarop die jaarlikse verlof betrekking het;

(v) geen werknemer gedurende sy verlof met volle besoldiging vir 'n loon of ander vergoeding mag werk nie;

(vi) vir die toepassing van hierdie klousule die uitdrukking "dieselfde werkgewer" in die geval van die verkoop van die besigheid die koper daarvan insluit.

(3) *Verlofbesoldiging*.—Die besoldiging vir jaarlikse verlof in subklousule (1) bedoel, moet voor of op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van sodanige verlof betaal word.

(4) 'n Werknemer wat minstens vier agtereenvolgende maande by dieselfde werkgewer in diens was en wie se dienskontrak in die eerste of 'n daaropvolgende jaar diens by sodanige werkgewer eindig voordat die verlof in subklousule (1) bedoel, opgehoop het en na verloop van gemelde vier maande, moet, behoudens die vierde voorbehoudsbepaling van subklousule (2), by sodanige beëindiging in plaas van verlof en vir elke voltooide maand van sodanige tydperk van korter as een jaar minstens soos volg betaal word:

(a) In die geval van 'n sjef, hoofkok en kok wie se vry periode minder as 24 agtereenvolgende ure vanaf 14h30 elke week beloop, een derde;

(b) (i) in die landdrostrikte Bellville, Die Kaap, Goodwood, Simonstad en Wynberg, in die geval van 'n bestuurder, die vrou van 'n bestuurder, 'n bestuurderes, portier, nagwag, 'n sjef, hoofkok en kok wie se vry periode minstens 24 agtereenvolgende ure vanaf 24h00 tot 24h00 elke week beloop, en 'n werknemer wat 'n loon van R4 212 of meer per jaar vir die eerste 18 maande van hierdie Ooreenkoms en R4 633,20 of meer per jaar daarna ontvang, een vierde;

(ii) in die landdrostrikte Somerset-Wes en Strand in die geval van 'n bestuurder, die vrou van 'n bestuurder, 'n bestuurderes, portier, nagwag, sjef, hoofkok of kok wie se vry periode minstens 24 agtereenvolgende ure vanaf 24h00 tot 24h00 elke week beloop, en 'n werknemer wat 'n loon van R3 889,60 of meer per jaar ontvang, een vierde;

(c) in die geval van 'n werknemer wat ingevolge hierdie klousule geregtig is op—

(i) twee weke verlof, een sesde;

(ii) drie weke verlof, een vierde;

(iii) vier weke verlof, een derde;

(iv) in die geval van werknemers in subklousule (1) (d) bedoel, een vierde;

## 7. ANNUAL LEAVE

(1) Subject to the provisions of subclause (2), an employer shall in respect of each completed year of employment with him grant on full pay—

(a) to his chef, head cook and cook whose free period does not exceed 16 consecutive hours from 14h30, in each week, four consecutive weeks' leave;

(b) to a manager, the wife of the manager, a manageress, porter, night watchman, employees who, by virtue of the provisions of clause 6 (8) (b), are not subject to the provisions of that clause, and a chef, head cook and cook whose free period exceeds 16 consecutive hours from 14h30 but not 24 consecutive hours in each week, three consecutive weeks' leave;

(c) to each of his other employees, two consecutive weeks' leave;

(d) and in addition to the foregoing, an employer shall grant to all those employees specified in paragraphs (b) and

(c) who have completed two or more consecutive years' service with the same employer, an extra one week's leave on full pay, or one week's full pay in lieu thereof, all leave to run consecutively.

(2) The leave referred to in subclause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier it shall be granted within three months of the completion of the year of employment to which it relates;

(ii) the period of such leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 8 nor with any period of military service in pursuance of the Defence Act, 1957;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, Republic Day, Kruger Day, Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave another day shall in substitution for each such day be added to the said period as a further period of leave on full pay;

(iv) an employer may set off against such period of leave any day of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's request made in writing during the year of employment to which the period of annual leave relates;

(v) no employee shall work for wages or other consideration whilst on leave of absence on full pay;

(vi) for the purposes of this clause the expression "the same employer" shall include in the case of the sale of the business the purchaser thereof.

(3) *Leave remuneration*.—The remuneration in respect of annual leave referred to in subclause (1) shall be paid not later than on the last work-day before the date of the commencement of such leave.

(4) An employee who has been in employment with the same employer for a period of not less than four consecutive months and whose contract of employment terminates in the first or any subsequent year of employment with such employer before the period of leave referred to in subclause (1) has accrued and after the lapse of the said period of four months shall, save as provided in the fourth proviso to subclause (2), upon such termination be paid in lieu of leave and in respect of each completed month of such period of less than one year not less than—

(a) in the case of a chef, head cook and cook whose free period is less than 24 consecutive hours from 14h30 in each week, one-third;

(b) (i) in the Magisterial Districts of Bellville, Goodwood, Simonstown, The Cape and Wynberg, in the case of a manager, the wife of the manager, a manageress, porter night watchman, a chef, head cook and cook whose free period is not less than 24 consecutive hours from 24h00 to 24h00 in each week and an employee in receipt of a wage of R4 212 or more per annum for the first 18 months of operation of this Agreement and R4 633,20 or more per annum thereafter, one-fourth;

(ii) in the Magisterial Districts of Somerset West and Strand, in the case of a manager, wife of the manager, a manageress, porter, night watchman, chef, head cook or cook whose free period is not less than 24 consecutive hours from 24h00 to 24h00 in each week and an employee in receipt of a wage of R3 889,60 or more per annum, one-fourth;

(c) in the case of an employee who, in terms of this clause, is entitled to—

(i) two weeks' leave, one-sixth;

(ii) three weeks' leave, one-fourth;

(iii) four weeks' leave, one-third;

(iv) in the case of employees referred to in subclause (1) (d), one-fourth;



(d) in die geval van alle ander werknemers, minstens een sesde;

van die weekloon wat hy op die datum onmiddellik voor sodanige beëindiging ontvang het.

(5) 'n Werknemer wat geregtig geword het op verlof kragtens subklousule (1) en wie se dienskontrak eindig voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige beëindiging vir dié verlof die bedrae betaal word wat in subklousules (1) en (4) bedoel word.

(6) Vir die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking "diens" geag enige tydperk of tydperke in te sluit wanneer 'n werknemer—

(a) met verlof kragtens subklousule (1) afwesig is;

(b) militêre diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

(c) van sy werk afwesig is op las of op versoek van sy werkgever;

(d) met siekteverlof kragtens klousule 8 afwesig is;

wat altesame hoogstens 10 weke in enige jaar beloop ten opsigte van (a), (c) en (d), plus tot vier maande van enige tydperk van militêre diens wat gedurende dié jaar ondergaan is, en diens word geag soos volg te begin:

(i) In die geval van 'n werknemer wat, voordat hierdie Ooreenkoms van krag geword het, ingevolge die Ooreenkoms wat by Goewermentskennisgewing R. 22 van 3 Januarie 1975 gepubliseer is op verlof geregtig geword het, vanaf die datum waarop dié werknemer ingevolge daardie Ooreenkoms op sodanige verlof geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die aanvangsdatum van hierdie Ooreenkoms in diens was en op wie die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 22 van 3 Januarie 1975 van toepassing was, maar wat nie op verlof daarkragtens geregtig geword het nie, vanaf die datum waarop sodanige diens begin het;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, vanaf die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgever in diens getree het, of vanaf die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, naamlik dié jongste datum.

(7) *Voorbehoudsbepaling.*—Hierdie klousule is nie op 'n los werknemer of deeltydse werknemer van toepassing nie.

(8) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken "maand" 'n tydperk wat op enige datum van 'n kalendermaand begin en eindig op die dag wat dieselfde datum van die volgende kalendermaand voorafgaan.

## 8. SIEKTEVERLOF

(1) Ná die voltooiing van vier maande diens by hom moet 'n werkgever, behoudens subklousule (2), aan sy werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer), wat van sy werk afwesig is weens ongeskiktheid, siekteverlof toestaan van altesaam—

(a) in die geval van 'n werknemer wat in 'n bedryfsinrigting met 'n werkweek van sewe dae werk, 14 werkdae; en

(b) in die geval van 'n werknemer wat in 'n bedryfsinrigting met 'n werkweek van ses dae werk, 12 werkdae;

gedurende enige tydperk van 12 agtereenvolgende maande diens by hom en moet hy aan hom vir die tydperk van afwesigheid kragtens die bepaling hiervan minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande dat as 'n werknemer drie of meer agtereenvolgende jare by dieselfde werkgever in diens was, hy siekteverlof vir een ekstra week toegestaan moet word.

(2) 'n Werkgever kan, as 'n opskortende voorwaarde vir die betaling, deur hom, van 'n bedrag wat 'n werknemer ooreenkomstig hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid van sy werk, van die werknemer vereis om binne 48 uur vanaf die tyd waarop hy hom vir diens moes aanmeld, 'n sertifikaat voor te lê of per geregistreerde of gesertifiseerde pos te laat stuur wat deur 'n mediese praktisyn onderteken is en wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid vermeld, of indien die werknemer in 'n hospitaal opgeneem was, om 'n mediese sertifikaat van sodanige hospitalisasie voor te lê of om sy werkgever binne sewe dae vanaf die tyd waarop hy hom vir diens moes aanmeld daarvan in kennis te stel.

(3) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(a) het die uitdrukkings "diens" en "maand" dieselfde betekenis as in klousule 7 (6) en (8);

(b) beteken "ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens 'n siekte of besering wat nie deur 'n werknemer se eie wan-gedrag veroorsaak is nie: Met dien verstande dat enige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk waarvoor skadeloosstelling ingevolge die Ongevalwet, 1941,

(d) in the case of any other employee, one-sixth;

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination.

(5) An employee who has become entitled to a period of leave in terms of subclause (1) and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid in respect of leave the amounts referred to in subclauses (1) and (4).

(6) For the purposes of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is—

(a) absent on leave in terms of subclause (1);

(b) undergoing military service in pursuance of the Defence Act, 1957;

(c) absent from work on the instructions or at the request of his employer;

(d) absent on sick leave in terms of clause 8;

amounting in the aggregate in any year to not more than 10 weeks in respect of items (a), (c) and (d), plus up to four months of any period of military service undergone in that year, and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Agreement become entitled to leave in terms of the Agreement published under Government Notice R. 22 of 3 January 1975, from the date on which such employee became entitled to such leave under such Agreement;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this Agreement and to whom the Agreement published under Government Notice R. 22 of 3 January 1975 applied but who had not become entitled to leave in terms thereof, from the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or from the date of coming into force of this Agreement, whichever is the later.

(7) *Savings.*—The provisions of this clause shall not apply to a casual or part-time employee.

(8) For the purposes of this clause, "month" means a period commencing on any date of a calendar month and ending on the day preceding the same date of the following calendar month.

## 8. SICK LEAVE

(1) Subject to the provisions of subclause (2), an employer shall grant to his employee (other than a casual employee) after the completion of four months' employment with him, who is absent from work through incapacity—

(a) in the case of an employee who works in a seven-day establishment, 14 work-days; and

(b) in the case of an employee who works in a six-day establishment, 12 work-days;

sick leave in the aggregate during any period of 12 consecutive months of employment with him and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this subclause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that where an employee has had three or more consecutive years' service with the same employer, he shall be granted one extra week's sick leave.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work, require such employee, within 48 hours of the time when he should have reported for duty, to produce or to have posted by registered or certified post a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity, or in the event of the employee having been confined to hospital, to produce a medical certificate of such hospitalisation or to notify his employer within seven days of the time when he should have reported for duty.

(3) For the purposes of this clause—

(a) the expressions "employment" and "month" shall have the same meaning as in clause 7 (6) and (8);

(b) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than that caused by an employee's own misconduct: Provided that any inability to work caused by an accident for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be deemed

betaalbaar is, as ongeskiktheid geag word slegs vir enige tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen skade-loosstelling ingevolge daardie Wet betaalbaar is nie;

(c) omvat "dieselfde werkgever" in die geval van die verkoop van die besigheid die koper daarvan.

#### 9. OPENBARE VAKANSIEDAE

'n Werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer en 'n deeltydse werknemer, moet verlof met volle besoldiging toegestaan word op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Krugerdag, Geloftedag en Kersdag: Met dien verstande dat, indien daar van 'n werknemer vereis word om op enigeen van dié dae te werk, sy werkgever hom, benewens die loon wat hy sou ontvang het indien hy nie aldus gewerk het nie, 'n bedrag moet betaal van minstens—

(a) een sewende in die geval van 'n bedryfsinrigting met 'n werkweek van sewe dae; en

(b) een sesde in die geval van 'n bedryfsinrigting met 'n werkweek van ses dae;

van die weekloon: Voorts met dien verstande dat waar twee openbare vakansiedae met besoldiging op dieselfde dag val, die volgende dag ook as 'n openbare vakansiedag met besoldiging beskou moet word: Voorts met dien verstande dat waar twee openbare vakansiedae op 'n Saterdag val, die Maandag daarop ook as 'n openbare vakansiedag met besoldiging beskou moet word.

#### 10. GETALVERHOUDING

